


Catullus se *Carmina* in Afrikaans vertaal: 'n funksionalistiese benadering

Annemarie de Kock

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister Artium in Klassieke Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.



Studieleier: Dr. S. Thom

April 2006

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening:


Datum:



Bedankings

Ek bedank graag my studieleier Dr. S. Thom vir uitstekende leiding en ondersteuning.

My opregte dank gaan aan die Nasionale Navorsingstigting vir finansiële bystand gedurende 2004 en 2005.



Opsomming

Die doel van hierdie studie is om in Afrikaans die impak van die Latynse teks van Catullus effektief oor te dra aan lesers wat deur 'n ander taal, binne 'n ander kultuur leef. Die uitdaging lê nie slegs in die poging om die gees van die oorspronklike in die vertaling oor te plaas nie, maar ook om die detail van die teks self weer te gee: die stilistiese eienskappe van woordorde, woordkeuses, beeldspraak en stylfigure. Vir hierdie doel word die funksionalistiese benadering tot vertaling, soos uiteengesit deur Christiane Nord (1997), gevolg. Volgens die funksionalisme bepaal die beoogde doel van die vertaling en die lesers waarop dit ingestel is, die vertaalmetodes wat gevolg gaan word. Nord definieer die verskillende funksies wat tekste kan hê en maak onderskeid tussen die kategorieë van dokumentêre en instrumentele vertalings. Onder dokumentêre vertaling, as die weergawe van 'n interaksie tussen die brontaalskrywer en -leser binne die brontaal-kultuur, val die sub-kategorie van **filologiese vertaling**. So 'n vertaling is 'n taamlik letterlike reproduksie van die vorm en inhoud van die bronteks met die fokus op sintaktiese eenhede van die bronteks. Dit is hier waar my vertalings van die *Catulli Carmina* inval.

Soos uiteengesit in die vertaalopdrag, is die strewe na 'n bronteksgeoriënteerde, idiomaties-Afrikaanse vertaling van Catullus se volledige oeuvre; iets wat nog nie van tevore formeel aangepak is nie. Die eindresultaat of doelteks is gemik op kenners van die Klassieke en die nodige kennis van Catullus se wêreld word aanvaar as 'n gegewe. In die strewe na bogenoemde doel moet die vermoë van die Germaanse taal om die antieke Latynse teks effektief te verteenwoordig, verdedig word. Dit geskied aan die hand van Catullus-vertalings in ander Germaanse tale (Duits, Nederlands en Engels) wat ek met my eie vertalings vergelyk.

Abstract

The aim of this study is to effectively render into Afrikaans the impact of the Latin text of Catullus for readers living through another language, within another culture. The challenge not only lies in transporting the spirit of the original to the translation, but also to represent the detail of the text itself: the stylistic features of word order, word choice, imagery and figures of speech. For this purpose I will follow the functionalist approach to translation as expounded by Christiane Nord (1997). According to functionalism the intended purpose of the translation and the intended readers determine the translation methods to be followed. Nord defines the different possible functions of texts and distinguishes between the categories of documentary and instrumental translation. Documentary translation, as the account of an interaction between the writer and readers of the source text within the source culture, contains the sub-category of **philological translation**. Such a translation is a fairly literal reproduction of the form and content of the source text with the focus on syntactical units of the source text. My own translation of the *Catulli Carmina* falls into this category.

As expounded in the translation brief, the aim is a source text-orientated translation of Catullus's entire oeuvre into idiomatic Afrikaans; something which has not been done before on a formal scale. The end result or target text is aimed at scholars of the Classics. The necessary knowledge of Catullus's world is taken for granted. In the pursuit of the above mentioned goal, the ability of the Germanic language to represent the ancient Latin text effectively, must be justified. This is done on the basis of Catullus translations in other Germanic languages (German, Dutch and English) which I compare with my own translations.